

STUDIEMETODES

INLEIDING

Om te kan studeer is 'n persoonlike saak en is uniek soos die individu self. Een persoon kan nie vir 'n ander studeer nie. Om te kan studeer is 'n aangeleerde tegniek en wat vir een vak geld, geld nie noodwendig vir 'n ander nie.

FAKTORE TOT SUKSES

Daar is baie faktore wat 'n rol speel om sukses te verseker nl.:

- Intelligensie of vermoë
- Hardwerkendheid en positiewe ingesteldheid
- Omgewing waar geleer word
- Regte studiemetode of gewoonte
- Hoe meer jy leer, hoe makliker word dit om te leer
- Pligsgetrouheid
- Stel van doelwitte
- Toewyding en dissipline
- Ontwikkel 'n wil om te leer

STUDIEPLEK

Sorg dat die omgewing waar studeer word, stil en rustig is. Sit regop en studeer verkieslik by 'n tafel. Daar moet niks wees wat die aandag kan aftrek nie bv. om voor 'n venster te sit of naby die tv nie. Sorg dat skryfbehoeftes en penne byderhand is. Streef daarna om alleen te leer en altyd op dieselfde plek.

GEWOONTES

Goeie gewoontes dra by tot sukses. Gee altyd aandag in die klas en onthou dat huiswerk deel is van studie.

- Begin altyd vroegtydig te leer en vermy situasies waar jy die aand voor die tyd begin studeer.
- Stel 'n doeltreffende studierooster op.
- Rus vir 10 minute na elke halfuur se leer.
- Maak seker dat jy die woorde verstaan wat jy leer.

METODES

Daar is verskeie metodes. Een metode is as volg:

- ✓ Lees 'n paragraaf 5x hardop
- ✓ Maak toe die boek en skryf neer wat geles is
- ✓ Maak oop en kontroleer wat neergeskryf is
- ✓ Gaan weer 3x deur en lê klem op dit wat vergeet is

- ✓ Gebruik jou sintuie om te help onthou

Ander metodes sluit in:

- ✓ Opsommings
- ✓ Gedagtekaart
- ✓ Rympies

LEES MET BEGRIP – NB

Dit is belangrik om die hoofgedagte uit 'n paragraaf te kan haal en die ondersteunende gedagtes te verstaan.

STUDIEMETODES

INLEIDING

Eksamentyd is seker enige ouer en kind se nagmerrie, veral as 'n kind nie weet hoe om te leer nie.

Om te kan leer is daar twee basiese dinge wat van belang is:

- Lees met begrip
- Onthou wat gelees is

Hoe leer ek my kind om met begrip te lees? Gee vir u kind 'n artikel in 'n tydskrif of 'n interessante koerantberig of enige ander leesstof wat in u kind se belangstellingsveld is. Vra vir u kind om dit te lees en sodra hy/sy dit deurgelees het, vra hom/haar uit oor dit wat hy/sy gelees het. U kind sal dan vir u in sy/haar eie woorde aan u kan terugvertel waarom die artikel gegaan het en selfs sonder dat hulle daarvan bewus is, vir u feite kan weergee.

Hoe leer ek my kind om te onthou? 'n Baie eenvoudige maar beproefde resep is om aan u kind (veral kleiner kind) 'n boek met grappies te gee om te lees. U kind lees die grappies en kom vertel vir jou die grappie. Die grappie mag nie voorgelees word nie. U sal uit die aard van die saak lag vir die grappie en onbewustelik u kind motiveer om 'n tweede, derde en vierde grappie vir u te kom vertel! Positiewe terugvoer is 'n baie belangrike vorm van motivering.

OORSIG

Geen twee kinders studeer of leer op dieselfde manier nie. Daar is verskeie metodes, maar dit is belangrik dat u kind 'n metode kry wat vir hom of haar 'werk'.

Voordat enige sogenaamde "metode" aangepak kan word, is dit baie belangrik dat die kind "weet" waarom die werk handel. Hy/sy kan nie net wegspring nie.

Hoe kry mens 'n oorsig? Blaai deur die boek en skryf die hoofpunte neer bv.:

"Die sywurm" ; "Plante en fotosintese" ; "Weerstoestande".

Sodra u kind dan nou die werk "afgebaken" het, kan die "studeer" gedeelte begin.

SOEK SLEUTELWOORDE OF FRASES

Sleutelwoorde is die belangrikste woord of gedeeltes in 'n sin. Hierdie sleutelwoorde moet jy onderstreep, want dit is die feite wat jy moet onthou. Hieronder is 'n paragraaf rakende wolke en weerstoestande. Kyk hoe word die hoofpunte uitgelig.

Voorbeeld:

Wolkformasies is nie altyd dieselfde nie. Afhangend van die weerstoestand word wolke gevorm. Daar is drie tipes wolke nl. Cirrus-, Stratus- en Cummuluswolke. Cirruswolkies is dun wolkies wat hoog in die atmosfeer voorkom. Cirruswolke dui gewoonlik koue weerstoestande aan. Dit lyk soos skaapwol. Stratuswolke is wolke wat laag lê en van horison tot horison strek. Hierdie wolke bring gewoonlik reën. Cummuluswolke is groot stapelwolke wat gewoonlik op 'n warm somersdag gevorm word en wat verantwoordelik is vir lekker donderstorms op die hoëveld.

OPSOMMING (SKRYF SLEUTELWOORDE NEER)

Wolke:

- ✓ cirrus hoog koue
- ✓ stratus laag reën
- ✓ cumulus stapel donderstorms


LEER

Sodra al die werk opgesom is, gaan die leerder nou deur die opsommings en "vertel" hom-/haarself die opsomming, bv. "Cirruswolkies is hoog en bring koue"

Die kind gebruik nou die feite om die werk sy "eie" te maak deur dit in sy eie woorde oor te sê.

'n Metode om te help onthou is om prentjies te teken terwyl die opsommings gememoriseer word of om rympies te maak. 'n Ander metode is om jou lyf te gebruik om die feite te onthou.

Prentjies:



Rympies:

C / H Hierdie
 \ K Koue

S / L laag
 \ R Rina

C / S somer
 \ D droom

My lyf:

Sê vir jouself: Ek sit die cirruswolkies op my kop, want hulle is die hoogste en my ore kry koud.

Die stratustuswolke is my arms want dit strek van kant tot kant en my vingers lyk soos reën as ek dit beweeg.

Die cumuluswolke is my maag wat vetter en vetter word en nou-nou gaan ontplof en 'n donderstorms gaan veroorsaak.

VRAE

U kind is nog in die laerskool en **rol as ouer** is baie belangrik in die vormingsjare van studeer. Sodra u kind vir u gesê het hy/sy het klaar geleer, gebruik die geleentheid om u kind vrae te vra om sy/haar kennis te toets.

Dit help om die die feite vas te lê en gee u kind ook selfvertroue om die vraestel die volgende dag positief te benader. Gebruik die opsommings en vra die vrae as volg:

- Watter wolkies bring koue?
- Is stratuswolke hoog of laag?
- Wat noem ons die wolke wat soos skaapwol lyk?
- Waar/vals – Stratuswolke vorm op warm dae en bring donderstorms.
- Wat noem ons stapelwolke?

Met ander woorde, vra verskillende tipe vrae om u kind se kennis te toets.

Sodra u kind die werk "ken", sien toe dat hy/sy vars lug kry. U kind moet **buite** speel of fietsry of 'n bal skop. Die belangrikheid van vars lug na u kind se brein deur gesonde aktiwiteite kan nie oorbeklemtoon word nie. Vermy TV-speletjies wat die brein "uitput" en fisiese aktiwiteite beperk.

HERSIENING

Nadat u kind gerus het (buite gespeel het), gesonde bord kos geëet en gebad het, is dit goed dat hy/sy rustig deur die opsommings gaan en die werk hersien.

RUS

Maak seker u kind kry 'n goeie nagrus van ten minste 8 ure slaap.